LAERSKOOL PARK

Tel.: 044 – 691 1020/1 Faks: 044 – 691 2046 Posbus 96
E-Pos: parklaerskool@gmail.com MOSSELBAAI
Skoolhoof: Mnr. D.F. du Toit 6500

8 Julie 2020

Geagte Ouers

Ek hoop en vertrou dat dit met een en elkeen van u baie goed gaan en dat u sprankelend gesond is. Hierdie week het ons die Graad 3- en 6-leerders terug verwelkom by die skool. Hulle het aangesluit by die graad 7-leerders wat nou ook die skool op alternatiewe dae besoek.

Die personeel is werklik beïndruk met die akademiese standaard van die leerders en daarom bedank ons elke ouer wat hard gewerk het met die leerders tuis. Die leerders is gretig om te leer en daarom mag die intellektuele kapasiteit en vermoëns van leerders nie onderskat word nie. Ek glo werklik dat kommunikasie en luistervaardighede vir die eerste keer in jare verskerp het en weer ‘n plek in gesinne gekry het. Leerders met emosionele- en sosiale intelligensie maak die taak van die onderwyser in die klas net soveel makliker.

TERUGKEER VAN GRADE

Die aankondigings in die media en staatskoerante veroorsaak heelwat verwarring met die heropening van skole. In oorleg met die beheerliggaam, het die hoof van die Onderwys in die Wes-Kaap, mnr Brain Schreuder, toestemming aan Laerskool Park verleen om op die volgende datums te heropen:

Graad R en RR	**-**	**20 Julie 2020**
Graad 1 en 2	**-**	**20 Julie 2020**
Graad 4 en 5	**-**	**20 Julie 2020**

Daar sal slegs van hierdie datums afgewyk word indien daar ‘n vertraging weens reën met die vervanging van die skool se dakke is. Tans vorder hul baie goed.

Aangesien daar weens die handhawing van sosiale afstande, nooit meer as 50% van die leerders by die skool mag wees nie maak ons van die alternatiewe dag-stelsel gebruik. Leerders kom dus op alternatiewe dae skool toe.

VERVANGING VAN DIE SKOOL SE DAKKE

Daar is hierdie week deur die WKOD begin met die vervanging van die skool se dakke. Ons glo en vetrou dat hierdie werk spoedig afgehandel gaan word met so min as moontlik ontwrigting vir die leerders.

VRYSTELLING VAN BYWONING VAN OPENBARE SKOOL

Die Departement van Basiese Onderwys het nuwe direktiewe vrygestel ingevolge die Wet op Rampbestuur. Dit vervang dus die riglyn wat voorheen as ‘n Wes-Kaap Onderwysdepartement-riglyn gebruik was met die hantering van komorbiditeite en die registrasie vir aansoek om tuisonderrig. Ouers wat reeds dokumente voltooi het, moet dit ongelukkig weer voltooi waarna die aansoek na die Hoof van die Onderwys gestuur word vir goedkeuring. Indien ‘n leerder nie skool bywoon nie, sal diè leerder na **tien dae** van die stelsel gederegistreer word wat gevolglik komplikasie vir toelating in 2021 inhou.

Sterkte vir al die uitdagings wat daar op verskillende huishoudings wag. As ons almal saamwerk, maak ons dit makliker en veiliger vir almal.

Vriendelike groete

SKOOLHOOF
DF du Toit